IV

VERGADERING VAN U.K. GEHOU OP 23 en 25 APRIL 1958.

Die Voorsitter open die vergadering met gebed.

Die volgende sake word bespreek en afgehandel:

(a) BESPREKING VAN SITPLEKKE: Dit word opgedra aan die Sekretaris om plekke vir lede van die Deputasie te bespreek op 11 Junie, asook vir Mej. S.A.E. Bruwer, nuwe werkster wat dan saam met die Deputasie reis.

(b) DS. ADO KRIGE: Die Sekretaris sal Ds. Krige pols of hy gewillig is na Noord-Rhodesië te gaan. Verder sal die hele aangeleëntheid bespreek word by die Raad en Ds. Jansen sal onder sy besondere omstandighede moet geken word.

(c) SAREL STRYDOM: Die skrywe van die Voors. van die O.R.K. behandel en die vergadering besluit:

(i) Dat hy Kadiwa kan huur.
(ii) Die grond sal 3 jaar gratis aan hom gegee word op voorwaarde dat die geboue wat daar opgetrek word deeglik sal wees. (Die Raad sal hieroor finaal besluit).

(iii) Hy kan intussen met die boerdery daar aangaan, mits hy 'n persoon vind om dit vir hom te doen.

(d) NOTULE O.R.K. 28 MAART 1958:

Punt 5: PLAASVERVANGSTER SUSTER GUTTER, TAMANDA: Goedgekeur.

Punt 14: BRANDKASTE: Die besluit van die O.R.K. goedgekeur.

Punt 21: RASIONARII: VERSLAG HOFMEYR: Hierdie saak word verwys vir bespreking by die Raad.

Punt 24: WYSIGING OOREENKOMS: Word bespreek by die Raad om die hele saak uit te pluis, en dan kan die S.A.S.K. weer die saak in behandeling neem.

Punt 25: BEDANKING MNR. BADENHORST: Reeds oor besluit en kennis gegee aan die Voorsitter.

Punt 29: GESONDHEIDSTOESTAND MEJ. ZAHN: Goedgekeur.

Punt 30: AANSOEK SUSTER BROWN: Goedgekeur.

Punt 32: Vir kennisgewing aangeneem.

Punt 33: AANSOEK MEJ. HUSSELMAN: Die skrywe van die Voors. word goedgekeur.

Punt 36: Word goedgekeur, maar die U.K. meen dat dit noodsaaklik is vir Eerw. Hoffman dat hy sy volle 5 maande sal neem.

Punt 37: SPESIALE VERLOF MNR. MULLER: Goedgekeur.

Punt 38: AANSOEK MEV. DE JAGER, SPESIALE VERLOF IN DESEMBER: Word goedgekeur.

2/ .....

Punt 39: VERSOEK VAN DS. BOLINK VIR HULP UIT FONDS TEEN ROOMSE VIR HERSTEL NYIMBA KERK: As daar nog iets in die fonds is sal dit aan Ds. Bolink gestuur word.

Punt 42: GELD VIR BADGERIEWE: Sekretaris sal uitvind of daar nog iets in die fonds is.

Punt 44: Goedgekeur.

Punt 45: VERSOEK MNR. LUFF I.V.M. JEUGKAMPE: Hierdie saak sal by die Raad bespreek word.

Punt 46: MOTORLENING, MNR. LUFF £100: Goedgekeur.

Punt 51: SPESIALE VERLOF SUSTER STOFFBERG: Goedgekeur.

Punt 52: SAAK NGUMAYO: Kennis geneem.

Punt 53: HULP SKOOL VIR BLINDES EN DOWES, MAGWERO: Goedgekeur en sal bespreek word by die Raad.

Punt 55: VERMINDERING REGERINGSTOELAE LOSIES KOSGANGERS: Vir kennisgewing aangeneem.

Punt 56: NATURELLE BESTUURDERS VAN SKOLE: Goedgekeur.

Punt 57: PLIGTE STASIEHOOFDE, PRINSIPALE EN BESTUURDERS VAN SKOLE: Kennis geneem.

Punt 60, 61: Die skrywe van die Voors. i.v. hiermee is die standpunt ook van die U.K.

Punt 66: (b) Die Sekretaris sal uitvind of daar nog iets is van die £80 badgeriewe.

(d) Die U.K. wens daarop te wys dat binne die begroting gebly moet word.

Punt 68: TWEEDE LATRINE MADZIMOYO NATURELLE HOSPITAAL: Toegestaan

Punt 70: Dit word toegestaan en sal uit die Siekefonds betaal word.

Punt 71: REGERINGS REGULASIES I.V.M. KOLONIE VIR MELAATSES: Die U.K. ondersteun die standpunt van Suster Stoffberg i.v.m. 'n langer tydperk vir pasiënte in die kolonie.

Die Sekretaris sluit die vergadering met gebed.